# HOE OM TE VOEL WAT JY VOEL... SOOS JESUS DIT VOEL

## Jesus se blydskap

Koos van der merwe | Eden Gemeente | 18 Mei 2025

"Joy comes from the Latin word meaning 'to be glad', but over the years it has taken on a stronger sense of rapture, of being uplifted, and we can all recognize the feeling even if we don't experience it very often. We want the experience, long for it to come to us, even just sometimes in our life, and we search to recognize it in others." (Lesley Walmsley)

Iamand anders het gesê, jy kan tot 'n groot mate beheer hê oor die plesiere en genot in jou lewe, maar ware blydskap, geen mens kan dit bewerkstellig of beheer nie.

Kom ons praat oor blydskap, Jesus se blydskap....

Jesus was die volmaakte mens. Hy het nooit toegegee aan enige verkeerde begeerte of versoeking nie. Hy was sonder sonde. Hy het geleef sonder om ooit verkeerde gedagtes te hê, sonder om ooit verkeerde dinge te doen, sonder om ooit enige verkeerde motiewe te hê en sonder om ooit enige verkeerde verhoudings te hê. Jesus se lewe was foutloos, volmaak.

Maar ons dink nie dikwels aan Jesus se volmaaktheid in terme van sy emosies nie. En tog is dit een van die uitstaande aspekte van Jesus se sondelose heiligheid, naamlik dat Hy ook in sy gevoelens sondeloos was. Hy het nooit, ooit, selfs vir een oomblik, verkeerde, donker of skadelike emosies in sy gemoed toegelaat nie.

Hoe moet dit wees om emosioneel altyd op die regte plek te wees?...

- Of jy hartseer is,
- of onseker,
- kwaad,
- beangs,
- of blymoedig.
- Of jy verlang,
- en of jy teleurgesteld is,
- of jy rustig sit en kuier,
- of jy feesvierende uitbundigheid beleef,
- of in ernstige konflik is...

Emosionele volmaaktheid…

- Jou emosies gaan nooit na plekke toe waar jy jouself of ander sal skade doen nie.
- Jou emosies laat jou nooit jou woord breek nie.
- Jou emosies verhinder jou nooit om die regte ding te doen nie.
- Jou emosies is nooit die rede dat jy jou plig versuim nie.
- Jou emosies word nooit voorgehou as regverdiging of verskoning vir enige verkeerde of onvanpaste optrede, opmerkings of woordkeuse nie.
- Jou emosies word nooit gebruik as pleitdooi vir begrip en versagting vir jou foute nie.
- Jou emosies dryf jou nooit weg van liefde vir God en gehoorsaamheid aan sy wil nie.
- Jou emosies verhinder nooit jou toewyding aan gebed en jou liefde vir die Skrif nie.
- Jou emosies laat jou nooit selfgesentreerd wees en selfsugtig optree nie.
- Jou emosies laat jou nooit op ’n plek kom dat jy haat nie, jy het altyd lief.
- Jou emosies verhinder nooit jou empatie of sensitiwiteit vir ’n ander se behoefte of situasie nie.
- Jou emosies beroof jou nooit van ’n voller, betekenisvolle lewe nie.

Dis hoe Jesus was. Emosioneel volmaak. In vandag se idioom het Jesus nie net besondere emosionele intelligensie gehad nie, Hy was ’n emosionele genie.

En dis hierdie Jesus, Hy wat emosioneel geen gelyke het nie, wat sê dat Hy sy volgelinge wil help om te deel in sy emosionele sterkte.

En vandag dink ons aan Jesus se blydskap.

In sy laaste openbare gebed voor sy kruisiging bid Jesus tot sy Vader dat jy sy blydskap volkome in jou kan hê.

**Johannes 17**

13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

Wat ’n gebed… dat Jesus se blydskap in jou kan bly en dat sy blydskap in jou volkome kan word!

Sý blydskap, want daar is nie net een soort blydskap nie…

Paulus skryf van hierdie blydskap wat deel is van God se koninkryk….

**Romeine 14:17**

17 Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

Daarom kan ons nie anders nie as om te vra wat die blydskap is waarvan die Skrif praat nie. Dit is die soort blydskap wat Jesus ons belowe…

Kom ons begin vroeg in die Bybel…

God verlos sy volk uit Egipte. Hy roep hulle om 'n lig vir die nasies te word. Hy gee vir hulle wette oor hoe om te leef. Hy waarsku hulle oor afgode, immoraliteit, gierigheid. Hy gee instruksies oor die tabernakel, offers, naasteliefde, instruksies oor geld, die huwelik, egskeiding, higiëniese instruksies…

En as deel van hierdie wette gee God beloftes van seën as die volk Hom dien en gehoorsaam, en ook waarskuwings, die vloek as hulle nie die soort lewe leef wat Hy wil hê nie. In onder andere Deutoronomium 28 is van hierdie seëninge en vloeke, en die vloeke word in baie grafiese, byna grotekse taal uitgespel. Kyk na 'n paar waarskuwings in die vloek..

**Deuteronomium 28**

15 … al hierdie vloeke [sal] oor jou kom en jou inhaal.

16 Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld.

17 Vervloek sal wees jou mandjie en jou bakskottel.

20 …verwarring en die bedreiging in alles waar jy jou hand aan slaan, wat jy moet doen; totdat jy verdelg is…

21 …die pes [sal] jou aankleef…

22 …tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte…

25 …jy [sal] voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uit vlug…

26 En jou lyke sal as voedsel dien vir al die voëls van die hemel…

27Die Here sal jou swaar tref met bloedvinte, uitslag en jeuksiektes...

28...met kranksinnigheid en blindheid en sinsverwarring...

30Jy sal jou met ’n vrou verloof, maar ’n ander man sal haar skend; ’n huis sal jy bou, maar daarin nie woon nie; ’n wingerd plant, maar dit nie in gebruik neem nie.

31...jou esel word voor jou weggeroof en sal na jou nie terugkom nie...

32Jou seuns en jou dogters word aan ’n ander volk gegee, terwyl jou oë dit sien en die hele dag na hulle smag sonder dat jy daar iets aan kan doen...

34En jy sal kranksinnig wees...

35...met bose swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel...

39Wingerde sal jy plant en bewerk, maar geen wyn drink of wegbêre nie; want die wurm sal dit opeet...

45...al hierdie vloeke sal oor jou kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is... omdat....

**omdat....**

Wat sal die rede wees vir hierdie vreesaanjaende waarskuwing? Waarteen moet die Israeliete waak? Wie wil nou jou vrou verloor, jou kinders verloor, jou donkies verloor, en opswel en jeuk van swere tot jy doodgaan? Hoe vreeslik moet jy leef sodat dit jou moet tref?

Natuurlik noem die wet afgodery en ontrouheid as redes vir die vloek, en dit behoort genoeg van ’n waarskuwing te wees. Maar dan, in vers 47, hierdie onverwagte, vreemde rede vir die vloek... hierdie dinge gaan jou tref omdat... omdat wat?

47Omdat jy die Here jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorvloed van alles gedien het nie...

Kan dit waar wees? Moses, het jy reg gehoor by God daar op die berg? Is jy ernstig? Wil jy regtig vir my sê dat God dit eendag, aan die einde van my lewe, teen my sal hou dat ek nie genoeg vreugde, vrolikheid, blymoedigheid gehad het nie? Kom nou Moses. Die volgende ding wat jy seker vir my gaan sê is dat as God ’n mens sou word sy eerste wonderwerk sal wees om water in wyn te verander. Moses, jy moet regtig ernstig dink aan jou teologie...

En dit is inderdaad wat Moses vir ons sal sê, dink weer aan hierdie God van die Ou- en Nuwe Testament, vir Hom is dit ontsettend belangrik, baie belangriker as wat jy ooit sal dink, dat jy 'n blymoedige mens moet wees...

Blydskap is inderdaad 'n baie belangrike saak vir God, soos C. S. Lewis dit stel...

"Joy is the serious business of heaven." (C. S. Lewis)

As blydskap so belangrik is, dan is dit 'n baie goeie oefening om die redes vir Jesus se blydskap te probeer verstaan, en ook wat die Bybel oor ware blydskap sê.

Maar natuurlik is dit nie moontlik om in een boodskap alles te sê wat die Skrif oor Blydskap sê nie. Miskien tog... dalk moet ons die boodskap uitrek tot so omtrent einde November...

Of, miskien kan ons vir die klompie minute wat oor is van hierdie diens net kennis neem van 'n paar van die belangrikste waarhede oor blydskap... En vandag, ons doen dit nie dikwels nie, is meer 'n oorsig van Skrifverse as wat dit 'n preek is. Ons maak ons harte en gedagtes oop en vertrou dat hierdie Skrifverse ons opnuut sal trek, 'n begeerte in ons sal wakkermaak om Jesus se blydskap in ons lewe te hê.

**'n Paar groot Skrifwaarhede oor ware blydskap.**

- **Ons vind ware blydskap in 'n tyding...**

**Lukas 2:10-11**

10 En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees,

11 dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.

Wat 'n tyding... Jesus het gekom. En as jy die enigste mens op aarde was, sou Hy steeds gekom het. Blydskap kom van 'n boodskap af. 'n Tyding. Die Bethelehem-tyding. Ons is Kersfeesmense. Hy het gekom. As Hy nie gekom het nie was jy alleen, en vir ewig verlore.

Dis wat Johannes sê, as jy lees van die tyding, bring dit blydskap in jou gemoed.

**1 Johannes 1:3-4**

3wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

4En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees.

- 

**Ons vind ware blydskap in 'n verhouding met Hom oor wie die tyding gaan...**

Dis wat Johannes die Doper sê, "As ek sy stem hoor, as Hy meer word in my lewe, niks anders kan groter blydskap bring nie."

**Johannes 3:29-30**

29...die vriend van die bruidegom wat na hom staan en luister, verbly hom baie oor die stem van die bruidegom. So is dan hierdie blydskap van my volkome.

30Hy moet meer word, maar ek minder.

Dis ook wat Jesus sê, "As jou hele lewe daaroor gaan om God lief te hê en sy liefde te ontdek, dit is volkome blydskap."

**Johannes 15:9-11, 20:24**

9Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My.

10As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.

11Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.

24Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.

Dit is ook wat Paulus orals in sy briewe sê, "Vind jou blydskap in die Here. Hy self is die bron, jy kan ware blydskap nie self bewerkstellig nie..."

**Galasiërs 5:22**

...die vrug van die Gees is liefde, blydskap...

**Filippense 3:1, 4:4**

1...verbly julle in die Here. Dit is vir my nie lastig om dieselfde dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid...

4Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!

- 

**Ons vind ware blydskap as ons ewige dinge soek...**

**Matthéüs 13:44**

...die koninkryk van die hemele [is] soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand.

Hierdie is een van Jesus se kortste, maar ook een van sy heel belangrikste gelykennisse, 'n verduideliking van die werklikheid, van die lewe, in net een sin.

Wat Jesus met die gelykenis sê is as 'n mens die diep blydskap ontdek van verlossing, die liefde van God leer ken, dan het jy die geheim van alle geheime ontdek. Jy ontdek, "Niks wat ek in hierdie lewe het nie, niks waarna ek strewe nie, niks waarop ek reken nie, kan my die lewensblydskap gee wat vir my bestem is nie. Geen goeie ding in hierdie lewe nie, geen mens nie, geen prestasie nie, geen besitting nie. As ek ontdek waarvan Jesus in hierdie gelykenis praat, sal dit onsinnig wees om op enige ander menslike vreugdes te reken as my bron vir lewensblydskap.

In Lukas 10 stuur Jesus sewentig van sy volgelinge uit om te doen wat Hy self doen. Hulle kom terug, in ekstase omdat dieselfde dinge gebeur het wat hulle gesien het as Jesus by siekes en selfs duiwelbesetenis kom...

**Lukas 10**

17En die sewentig het met blydskap teruggekom en gesê: Here, ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam.

18Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val.

19Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie.

20Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele opgeskryf is.

Sekerlik een van die heel groot insigte oor alles in die lewe. Hierdie dissipels ervaar 'n blydskap oor iets wat gebeur het terwyl hulle Jesus se boodskap verkondig, terwyl hulle Jesus se opdrag gehoorsaam. En tog, Jesus waarsku hulle teen selfs hierdie rede vir hulle blydskap, "Laat geen sukses of prestasie die basis wees van julle lewensblydskap wees nie, selfs nie suksesse in die werk van die Here nie..."

Om geen ding wat veranderlik is die bron te maak van jou lewensblydskap nie. Nie jou lewensmaat of kinders nie, nie jou gesondheid of inkomste nie, nie jou sukses of vriende of stokperdjies nie.

Wees bly oor een ding: Dat jou naam in die hemele opgeskrywe is...

Dink vir 'n oomblik hieraan. Sê nou dis nie net 'n metafoor nie, maar letterlik so dat daar is regtig 'n plek is, en in daardie plek is 'n boek, en in daardie boek is jou naam geskryf deur 'n admin-beampte in die hemel. En as jy jou laaste asem uitblaas is dit die enigste ding wat belangrik is. Jou naam is in daardie boek geskryf.

Jesus se raad is om hierdie wete die bepalende faktor vir jou gemoedstoestand te maak.

Want as jou blydskap van enige ander ding afhang, selfs kerkdinge, dink hoe ontnugterend tydelik jou blydskap op daardie dag sal wees.

Jesus sê daar kom 'n dag dat slegs hierdie een enkele feit, naamlik dat jou naam in 'n boek geskryf is, enige blydskap moontlik sal maak.

En Hy sê baie sal op daardie dag op die verkeerde dinge reken...

**Matthéüs 7:22-23**

22Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?

23En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

In 'n ander gelykenis in Lukas 16 beeld Jesus hierdie waarheid in meer detail uit. Lasarus is 'n arm bedelaar voor 'n baie ryk man se huis. Die ryk man leef elke dag in weelde maar het geen meegevoel met Lasarus nie. Op die oog af is daar baie meer sukses en blymoedigheid in die ryk man se lewe. Maar jy ken die gelykenis. Altwee sterf, en die ryk man se sukses en blydskap is vir ewig verby.

Ook in Psalm 73 worstel Asaf, Hy wat naby God leef gaan deur 'n moeilike tyd, terwyl hy ongelowige, onverskillige mense ken wie se lewe vol vreugde en sukses is. Asaf sê hierdie stryd het hom byna sy geloof laat verloor. Totdat hy in gebed 'n ervaring in die heiligdom het. Ons weet nie of hy 'n visioen gesien het of net diep onder die indruk gekom het van die groter realiteit van hoe 'n mens mislei kan word in jou mening oor met wie dit regtig goed gaan nie... Maar Asaf sê hy het hierdie vrolike, sorgvrye mense se einde gesien, en besef hy is beter af...

**Psalm 73:17, 23-28**

17totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan *en* op hulle einde gelet het...
23Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat.

24U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem.

25Wie het ek *buiten U* in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.

26Al beswyk my vlees en my hart—God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.

27Dié wat ver van U af is, gaan verlore, U vernietig dié wat aan U ontrou is.

28Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel.

Dit is hoekom Paulus ons die raad gee om ligter vas te hou aan selfs die lieflikste ervarings in hierdie lewe, sodat ons aardse vreugdes, selfs die kosbaarste gawes van God aan alle mense, gelowiges en ongelowiges, nie die fondament van ons lewensblydskap sal word nie. Juis omdat hulle wankelbaar, wisselvallig en tydelik is. Pelgrimblydskap, 'n ewige mikpunt bly altyd die enigste onwankelbare...

**1 Korinthiërs 7:29-31**

[29]Maar dit sê ek, broeders, die tyd is kort; van nou af moet ook die wat vroue het, wees asof hulle nie het nie;

[30]en die wat ween, asof hulle nie ween nie; en die wat bly is, asof hulle nie bly is nie; en die wat koop, asof hulle nie besit nie;

[31]en die wat hierdie wêreld gebruik, asof hulle dit nie ten volle gebruik nie; want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby.

- **Ons vind ware blydskap as ons diep verhoudings het…**

**Filippense 1:25, 4:1**

[25]En dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydskap in die geloof…

[1]Daarom, my geliefde broeders, na wie ek ook verlang, my blydskap en kroon, staan so vas in die Here, geliefdes.

**2 Johannes 12**

Alhoewel ek baie het om aan julle te skrywe, wou ek dit nie met papier en ink doen nie, maar ek hoop om na julle te kom en van mond tot mond te spreek, sodat ons blydskap volkome kan wees.

- **Ons vind ware blydskap as ons telkens terugkeer wanneer ons dit verloor het…**

In Lukas 15 sê Jesus in ’n paar keer gelykenisse daar breek ’n blydskap, ’n gejuig in die hemel uit as een sondaar gered word.

Die eerste is ’n gelykenis van ’n herder wat sy verdwaalde skaap vind…

**Lukas 15**

[5]En as hy dit kry, sit hy dit met blydskap op sy skouers.

[6]En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: **Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was.**

7Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer...

En dan 'n gelykenis van 'n vrou wat haar verlore penning vind...

**Lukas 15::9-10**

9En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het.

10So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

En dan die gelykenis van 'n verlore seun wat huis toe kom. Sy pa sê vir die werkers...

**Lukas 15:23**

23En bring die vetgemaakte kalf en slag dit, en laat ons eet en vrolik wees.

24Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword; en hy was verlore en is gevind. En hulle het begin vrolik word.

Die ouer broer is kwaad, jaloers, en wil nie deel van die fees wees nie. Sy woorde...

32Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

En so deel ons in die bydskap van die hemel wanneer ons vir ons kennisse, vriende, kollegas en familie bid en selfs net een begin die Here volg...

Maar ook wanneer jy self die afgedwaalde is kan die Here jou help om weer jou blydskap terugkry...

Dawid het ver afgedwaal van God af, op 'n absolute donker, sondige plek van seksuele sonde en moord...

En tog, God het hom terug ontvang.

Elke mens wat roep soos Dawid kan terugkeer uit die donker plekke waar daar geen ware vreugde is nie...

**Psalm 51:13-16**

13 Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!

14 Laat my weer die blydskap ervaarvan iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

15 Dan sal ek oortreders leer wat U van ’n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.

16 Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.

O, as jy jou blydskap verloor het, jy kan dit terugkry. Iemand het betaal daarvoor met sy trane en met sy bloed.